LAERSKOOL KENRIDGE

GEDRAGSKODE

VOORREDE

Die Hoof, Opvoeders en Beheerliggaam van Laerskool Kenridge dra te alle tye die belange van ons leerders op die hart. Ons strewe is om alle leerders op 'n positiewe en konstruktiewe wyse op te voed ten opsigte van waardes wat die volgende sal teenstaan: rassisme en seksistiese en ander onregverdige diskriminerende gedrag. Om by te dra tot die uitwissing van wesenlike armoede en om ekonomiese welstand in die gemeenskap te weeg te bring. Ons poog om diverse kulture en verskillende taalgroepe wat in ons skool verteenwoordig is, te beskerm en te bevorder. Om die regte van alle leerders, ouers en opvoeders te handhaaf. Om verantwoordelikheid te aanvaar vir die organisasie, bestuur en finansiering van die skool, in venootskap met die staat. Eenvormige standaarde en norme is belangrik vir die bevordering van opvoeding en dissipline.

DIE REGTE VAN DIE LEERDERS

1. Alle leerders in ons skool het 'n demokratiese reg op 'n regverdige verhoor.
2. Geen persoon mag onregverdig teenoor 'n leerder diskrimineer nie. Alle leerders sal gelyke behandeling onder die wet geniet en sal gelyke beskerming en voordele onder die wet ontvang.
3. Elke leerder het ingebore waardigheid en het die reg dat sy/haar menswaardigheid gerespekteer word. Elke leerder het ook ‘n reg op privaatheid. Die skoolhoof of ‘n opvoeder mag egter op grond van redelike vermoedens, ‘n leerder deursoek op voorwaarde dat van redelike metodes gebruik gemaak word.
4. ‘n Leerder mag nie op ‘n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf word nie. Lyfstraf mag nie toegedien word nie.
5. Leerders mag nie in eensame aanhouding gehou word nie.
6. Leerders het, binne die beperkings van hierdie kode, die reg tot vryheid van spraak.
7. Leerders het die reg op 'n skoon en veilige omgewing wat bevorderlik is vir onderwys.
8. Almal het die reg tot onderwys en tot verdere onderwys wat die staat progressief beskikbaar en toeganklik moet maak.
9. Die reg tot onderwys sluit die reg in om alle klasse by te woon, te leer en in alle goedgekeurde vakke onderrig te word; om gereeld ingelig te word oor skoolvordering, om van alle skoolgeriewe gebruik te maak, en om die potensiaal van alle leerders ten volle te laat ontwikkel.

GEDRAG VAN LEERDERS GEDURENDE SKOOLURE EN WANNEER HULLE HUL SKOOL VERTEENWOORDIG.

1. Leerders moet hulself daartoe verbind om hulle skoolwerk gedurende skooltyd te doen, om hul opvoeders te gehoorsaam en te respekteer en om hulle te weerhou van alle ontwrigtende aktiwiteite, om huiswerk wat aan hulle opgedra word, te voltooi en om werk in te haal, wat as gevolg van afwesigheid, misgeloop is.

2. Dit is die voorreg en plig van elke leerder om al die geriewe en toerusting te beskerm en versigtig te gebruik. Die ouer of wettige voog van enigeen wat opsetlik of nalatig, enige skooleiendom misbruik, beskadig of ontsier, moet dit vervang of betaal vir die eiendom wat so bekadig is. Dit ontneem egter nie die reg van die skool om verdere tugmaatreëls te neem teen die betrokke leerder, sou die skool dit nodig ag nie.

3. Leerders is verplig om skool gedurende skoolure by te woon. Indien 'n leerder afwesig is, moet sy/haar ouer of wettige voog die skool sonder versuim in kennis stel omtrent die rede vir die afwesigheid.

4. Leerders het die verantwoordelikheid om te leer om hulle volle potensiaal te ontwikkel, naamlik op akademiese-, beroeps-, maatskaplike-, sport-, geestelike-, kuns- en kulturele gebied. Hulle behoort aktief aan die leerproses en besluitneming deel te neem en moet die geleentheid gebied word om oor hulle probleme te praat.

5. ‘n Leerder se gedrag moet sodanig wees, dat 'n verhouding van wedersydse vertroue en respek tussen leerders en opvoeders tot stand gebring kan word. Verontregting, van die een deur die ander, is ontoelaatbaar.

6. Leerders moet die skool- en klasreëls, soos neergelê in die gedragskode, gehoorsaam, mits dit verenigbaar is met die gedragskode, duidelik en verstaanbaar is en voorsiening maak vir billike waarskuwing. Onkunde aangaande die reëls is nie 'n aanvaarbare verskoning nie.

REGTE VAN OPVOEDERS

1. 'n Opvoeder by die skool sal dieselfde regte hê as die ouer of wettige voog om die leerder te beheer en te dissiplineer soos neergelê in die gedragskode, terwyl die leerder in die skool, klaskamer, skoolfunksies of skooluitstappies is, of enige skool-aangeleentheid bywoon.

2. Die skoolhoof of 'n opvoeder sal in die geval van ‘n redelike vermoede, die wettige magtiging hê om ‘n leerder, of die besittings van die leerder te deursoek vir gevaarlike wapens, vuurwapens, dwelmmiddels, skadelike of gevaarlike middels, gesteelde goedere of pornografiese materiaal wat na die skoolterrein gebring is. Tydens die deursoek van sodanige leerder, sal die leerder se menswaardigheid gerespekteer word en dit sal privaat geskiet, deur 'n persoon van sy eie/haar eie geslag, verkieslik in die teenwoordigheid van ten minste nog een ander persoon. ‘n Verslag van prosedures en bevindings, tydens so ‘n ondersoek, moet aangeteken word.

VERANTWOORDELIKHEDE VAN OUERS EN WETTIGE VOOGDE:

1. Dit is ‘n erkende feit dat ouers en voogde verantwoordelik is vir die dissipline en gedrag van hul leerders.
2. Daar word van ouers en voogde verwag om:

2.1 die skool te ondersteun en leerders aan te moedig om al die skool- en klaskamerreëls te gehoorsaam en om verantwoordelikheid te aanvaar vir enige wangedrag wat deur leerders gepleeg word.

2.2 aktief belang te stel in hulle kinders se skoolwerk en om dit vir hulle moontlik te maak om huiswerkopdragte te voltooi.

2.3 verantwoordelik te wees vir die betaling van alle fooie en heffings, soos vasgestel deur die skool en/of Beheerliggaam van die skool, of enige trust gestig met die oog op die voorsiening van opvoedkundige en buitemuurse aktiwiteite, vir die leerders van die skool.

2.4 gereeld byeenkomste, gereël deur die skool en/of Beheerliggaam of Trust, by te woon.

DISSIPLINE

1. Dit is 'n erkende feit dat effektiewe onderwys net in 'n gedissiplineerde omgewing kan plaasvind.
2. Dit is die doel van die skool om positiewe dissipline, selfdissipline en goeie gedrag aan te moedig waardeur leerders by wyse van ondervinding en waarneming kan leer.
3. Afdeling 8(1) van die Suid-Afrikaanse skolewet, Wet Nr. 84 van 1996, magtig die beheerliggaam van die skool, om dissipline in die skool te handhaaf.
4. Die dissiplinêre proses moet vlot, billik, regverdig, korrek, konsekwent en opvoedkundig wees. Waar moontlik moet die ouer ingelig en betrek word by die verbetering van die leerder se gedrag.
5. Elke opvoeder is te alle tye verantwoordelik vir dissipline by die skool en by skoolverwante aktiwiteite. Opvoeders het volle bevoegdheid en verantwoordelikheid om die gedrag van leerders aan te spreek wanneer nodig is, en kleiner oortredings by die skool of by skoolverwante aangeleenthede te hanteer.

6. Ernstige wangedrag en oortredings moet na die skoolhoof verwys word, wat dan die aangeleentheid na die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam mag verwys, indien nodig.
7. Enige korrektiewe maatreëls of dissiplinêre optrede moet strook met die misstap/oortreding. Korrektiewe maatreëls mag strenger word met verdere, herhaaldelike oortredings. Skorsing of uitsetting mag daarop volg.

Minder Ernstige Oortredings

Dit bestaan uit oortredings wat in die skoolreëls vervat is, of enige ander reël/gedrag/houding wat van tyd tot tyd deur die opvoeders of die skool as onaanvaarbaar beskou word. Alle minder ernstige oortredings word op 'n daaglikse basis deur die skool hanteer.

Ernstige Oortredings

Dit bestaan uit ‘n oortreding wat in een van die volgende kategorieë val of enige ander oortreding wat die dissiplinêre komitee as ernstig beskou:

(a) gedrag wat die veiligheid van andere in gevaar stel en hulle regte skend;
(b) die besit, bedreiging of gebruik van 'n gevaarlike wapen;
(c) die besit, gebruik, oorhandiging of sigbare bewyse van dwelmmiddels of ongemagtigde middels, alkohol of bedwelmende middels van enige aard;
(d) gevegte, aanranding of mishandeling;
(e) immorele gedrag of godslastering;
(f) die valse identifisering van jouself;
(g) skadelike graffiti, skeltaal, sekssisme en rassisme;
(h) diefstal of die besit van gesteelde eiendom, insluitende toets en eksamenvraestelle, voor die aflê van die eksamen/toets;
(i) onwettige optrede, vandalisme of die vernietiging of ontsiering van skooleiendom;
(j) oneerbiedigheid, afkeurenswaardige gedrag en beledigende taal wat teen opvoeders, ander werknemers van die skool of teen ander leerders gerig is;
(k) herhaaldelike oortreding van skoolreëls of die Gedragskode;
(l) kriminele- en onderdrukkende gedrag, soos byvoorbeeld verkragting en teistering, wat op geslag gebaseer is;
(m) veronregting, afknouery en intimidering van ander leerders;
(n) oortreding van eksamenreëls;
(o) die bewuste of opsetlike verskaffing van valse inligting of die vervalsing van dokumentasie om 'n onregverdige voordeel by die skool te verkry.
(p) in besit wees van wellustige en/of pornografiese materiaal;
(q) wellustige gedrag;
(r) ‘n akkumulasie van minder ernstige oortredings.

Korrektiewe Maatreëls

In die geval van oortredings mag korrektiewe maatreëls toegepas word. Hierdie maatreëls kan een of meer van die volgende insluit:

(a) mondelinge waarskuwing of geskrewe berisping deur 'n opvoeder, skoolhoof of 'n dissiplinêre komitee;
(b) skoolwerk onder toesighouding wat sal bydra tot die leerder se vordering op skool of die verbetering van die skoolomgewing;
(c) die uitvoer van take wat die persoon teen wie die misstap begaan is, sal bevoordeel;
(d) ooreengekome bekostigbare skadevergoeding;
(e) die vervanging van beskadigde eiendom;
(f) skorsing uit sekere skoolaktiwiteite;
(g) skorsing uit skool vir 'n tydperk van een week;
(h) uitsetting uit skool.

LET WEL: Maatreëls (a) - (e) sal vir minder ernstige oortredings aangewend word. Maatreëls (f) - (h) sal vir ernstige oortredings aangewend word.

Prosedures

1. Die leerder sal 'n mondelinge waarskuwing ontvang, indien hy/sy nie positief op die korrektiewe maatreëls reageer nie.

of

2. Die leerder sal geskrewe kennisgewing, van wangedrag, ontvang. Dit moet deur die ouers geteken en terug skool toe gestuur word, sodat dit op die leerder se rekord geplaas kan word.

daarna

3. As die leerder enige ander oortreding begaan, sal hy/sy saam met sy/haar ouers voor die dissiplinêre komitee, vir 'n dissiplinêre verhoor, verskyn.

Dissiplinêre Verhoor

1. Die dissiplinêre komitee sal uit lede wat deur die beheerliggaam benoem is, bestaan.
2. Alle prosedure wat in die provinsiale regulasies neergelê is, moet in die dagvaarding, ingesluit word. Hierdie dagvaarding moet ten minste vyf dae voor die verhoor uitgereik word.
3. Die beheerliggaam moet 'n verslag oor die verrigtinge van die verhoor hou

3.1 mag die Departementshoof skriftelik in kennis stel van sy besluit, om leerder te skors; of

3.2 moet die Departementshoof in kennis stel, binne vier-en-twintig uur vanaf sy aanbeveling, vir die uitsetting van die leerder uit die skool.

SKOOLREËLS

Ons skool het gedragskodereëls

A. Die Gedragskodereëls is gebaseer op waardes en norme wat, redelikerwys van ons leerders verwag kan word.

B. Reëls wat nodig is om die skool ordelik te laat funksioneer.

A.1 Waardes en norme

Die volgende is vir ons belangrik:

- Liefde teenoor die Skepper.
- Liefde teenoor alle mense.
- Respek teenoor alle geloofsoortuigings en kulture.
- Erkenning van elke mens se regte.
- Respek teenoor eie en ander se besittings.
- Eerlikheid, opregtheid, beleefdheid en goeie maniere.
- Netheid.
- Trots op ons skool, sy kultuur en tradisies.
- Pligsgetrouheid, selfdissipline en stiptelikheid.
- Die aanvaarding van verantwoordelikheid.
- Eerbiedig mense in gesagsposisies.
- Deelname aan opbouende aktiwiteite.

A.2 Gesindhede

Deur diè waardes en norme uit te leef, openbaar ons 'n positiewe gesindheid en het ons die nodige agting vir die skoolreëls.

- Ons volg die werk- en opvoedingsprogram getrou.
- Ons glo in samewerking en goeie orde sodat onderrig tot almal se voordeel kan plaasvind.
- Ons gehoorsaam alle voorskrifte met betrekking tot eksamen, toetse en huiswerk.
- Ons handhaaf 'n goeie balans tussen akademie, buitemuurse aktiwiteite en is trots om ons skool op enige terrein te verteenwoordig.

B.1 Gedrag in skoolgebou

B.1.1 Klaskamer

- Stap die klaskamer ordelik binne en staan langs die bank. Op die versoek van die leerkrag mag die leerlinge sit.
- Indien die opvoeder nie teenwoordig is nie, sit en begin dadelik lees.
- Indien daar 'n besoeker opdaag, wag ons, op die versoek van die opvoeder, voordat ons staan.
- Na afloop van die lesuur, verlaat ons die klas in 'n enkelry.

B.1.2 Gange

- Ons mag nie in die gange hardloop nie.
- Ons loop altyd in 'n enkelry aan die linkerkant van die gang.
- Tydens klasruilings beweeg ons sonder om 'n steurnis vir ander klasse te wees.
- Beperk rondlopery in gange tot die minimum.
- Hou ons gange skoon en netjies.
- Verwyder alle besittings uit die gange aan die einde van die dag.
- Telefoonoproepe word slegs gedurende pouse en na skool gemaak en sal alleenlik in verdienstelike gevalle gedurende skoolure toegelaat word.
- Leerders mag nie die hoofingang van die skool gebruik nie.
- Verlaat die skoolgebou deur die uitgang naaste aan u klaskamer.

B.1.3 Skoolterrein

- Die skoolterrein mag nie gedurende skoolure, sonder die verlof van die skoolhoof, verlaat word nie.
- Rugby en die skop van balle word net op die rugbyveld gespeel.
- Geen balspeletjies mag in die vierkante gespeel word nie.
- Moenie om hoeke hardloop nie.
- Ons peuter nie met apparaat en masjinerie nie.
- Bewaar en beskerm ons plante en bome.
- Boomklim is verbode.
- Ons klouter nie oor draadheinings nie.
- Ons gooi nie met enige voorwerpe na mekaar nie.
- Ons gooi rommel in die vuilgoeddromme.
- Daar word nie met fietse, skaatsplanke en rolskaatse gedurende skoolure op die skoolterrein gery nie.
- Leerlinge mag nie naby die opvoeders se motors speel nie.

B.1.4 **Kleedkamers**

- Daar word nie in kleedkamers gespeel of geëet nie.
- Let op dat geen onnodige vermorsing van water en papier plaasvind nie.
- Slegs een persoon in 'n toilet.
- Hou die toilette en mure skoon en netjies.

B.2 Reëndae

- Dra die voorgeskrewe reënjas of reënbaadjie.
- Ons dra nie reënjasse in die klas of in die saal nie.
- Ons beweeg ordelik in gange en klaskamers. (Nie skaats of hardloop nie.)
- Leerders word te alle tye op die parkeerterrein buite die skoolhekke afgelaai.
- Leerders mag by naaste ingang ingaan.

B.3 Aantree prosedure

- Leerders mag nie voor skool in die skoolgebou wees nie, tensy dit reën.
- Met die aanvang van die skooldag, om 07:55, tree hulle in hul onderskeie rye aan.
- Met die lui van die tweede klok, stap hulle in 'n enkelry, die skoolgebou binne.

B.4 Algemene Voorkoms

B.4.1 **Skooldrag**

Daar word van leerders by Kenridge verwag om te alle tye netjiese en geskikte klere te dra. Die skooluniform moet die regte grootte wees. Maak seker dat alle persoonlike besittings en klere duidelik met die leerder se naam en van (nie net voorletter) gemerk is. Alle gemerkte klere en persoonlike besittings sal aan die leerder terugbesorg word. Ongemerkte persoonlike besittings en klere sal dadelik na die skoolwinkel gestuur word, waar dit verkoop sal word. Slegs die voorgeskrewe skooluniform mag gedra word. Leerders wat nie geklee is in die voorgeskrewe drag nie, moet ‘n brief van hulle ouers/voogde inhandig. Sportklere en skooluniform mag nie saam gedra word nie.

B.4.2 **Hare (Meisies)**

Moet skoon en natuurlike kleur wees. Geen vaste golwing, "gel" of haarsproei word toegelaat nie. Hare en haarstyle moet netjies wees en moet by ons skooluniform pas. Haarstyle is onderworpe aan aanvaarbare norme wat deur die skool bepaal word. Handdoekstofbande, "scrunchies", gewone haarknippies, lint en "Alice bands" in groen of wit word toegelaat. Hare wat die kraag raak, moet vasgemaak word. Hare wat die wenkbroue raak, moet of geknip of vasgemaak word.

B.4.3 **Juwele (Meisies)**

- Oorbelle - net een paar klein "studs" of "sleepers" (15mm in diameter) mag gedra word. Oorbelle mag net in die oorlel gedra word, een in elke oorlel.
- Horlosies en 'Medic Alert" polsbande mag gedra word, maar geen ander juweliersware mag gedra word nie.
- Naels - Vingernaels mag nie langer as die punt van die vingers wees nie. Gekleurde naellak word nie toegelaat nie.

B.4.4 **Hare (Seuns)**

Moet skoon en natuurlik wees. Haarstyle moet netjies en kort wees. Hare mag nie die wenkbrou raak nie. Lang kuiwe is nie toelaatbaar nie. Hare mag nie aan die kraag van die hemp of aan die ore raak nie. Geen "gel" of haarsproei mag gebruik word nie.

B.4.5 **Juwele (Seuns)**

Horlosies en 'Medic Alert" polsbande mag gedra word. Geen ander juweliersware mag gedra word nie.

Die Beheerliggaam en/of die skool behou die reg voor om hierdie dokument enige tyd te verander, mits die verandering binne die omvang van die oorspronklike dokument bly.